



Artikel 24

In die eerste bespreking van Artikel 24 was die fokus op geloof wat die mens se heiligmaking verseker. Ons moet nou na goeie werke per se gaan kyk. Ons gaan voort met 'n in diepte bespreking van Artikel 24 van die NGB:

Daarom is daar geen sprake van dat hierdie regverdigende geloof die mens vir 'n vroom en heilige lewe onverskillig sou maak nie;

Dit is inderdaad so dat ons deur geloof geregverdig word, vandaar die verwysing na "regverdigende" geloof. Dit word die basis vir alle toekomstige optredes. Vir die opstellers van die NGB was dit vanselfsprekend dat die mens as wese wat gered is, sal optree volgens hierdie nuwe status. Enige teëspraak word uitgesluit. Geen mens kan onverskillig wees indien daardie mens die allesomvattende aard van die redding verstaan nie.

Inteendeel, hy sou daarsonder nooit iets uit liefde tot God doen nie maar slegs uit liefde tot homself en uit vrees vir die verdoemenis.

Die ware aard van die mens is duidelik. Uit homself is die mens nie in staat om God lief te hê nie. God is die mens se grootste kompetisie in sy strewe om self God te wees. Die mens stel homself teenoor God en kan daarom nie enige liefde in sy diepste wese vir God hê nie. Sonder geloof en sonder genade sal die mens aan sy eie aard uitgelewer wees. Hierdie eie aard van die mens beteken nie

dat alles deur menslike optrede in chaos sal verval nie.

Die mens self tree in selfliefde op. Ons is sondige wesens wat net vir onself liefde het. Ons tree so op dat dit ons eie belange bevorder, ons wil self op die troon sit. Ons het 'n tweede rede vir ons optredes. Dit is vrees. Vrees is 'n negatiewe, maar magtige motiveerder. Mense uit vrees gemotiveer, sal strewe na goeie optrede net om die oorsprong vir daardie vrees te besweer. So is dit dan dat mense uit vrees vir die verdoemenis sò sal optree dat hulle dit (in hulle gedagtes) vryspring. Die mens sal hierdie (in eie oë) verdienstelike optrede nastrewe in die oortuiging dat hulle dan hulself kan red. Ironies genoeg word die selfliefde rede vir die optrede wat die vrees wil besweer. Vrees vir die verdoemenis laat mense goeie dade doen, maar hulle dink in selfliefde dat hulle dade meer as goed genoeg is..

Dit is daarom onmoontlik dat hierdie heilige geloof niks in die mens tot stand sou bring nie;

Die taalgebruik hier wil dit duidelik maak dat daar 'n interne noodwendigheid verbonde is aan die heilige geloof wat ons ontvang het. Die mens wat glo, sal radikaal anders optree. Die fontein van menslike optrede voor geloof (sonde en selfliefde) is toegemaak. Die mens het nou 'n nuwe fontein vir optrede, en dit is geloof. Geloof lei noodwendig tot sigbare resultate. Geloof bring iets tot stand **in** die mens, nie **naas** die mens of **agter** die mens nie.

ons praat mos nie van 'n dooie geloof nie maar van wat die Skrif noem 'n geloof wat deur die liefde tot dade oorgaan (Galasiërs 5:6), wat die mens beweeg om hom voortdurend te oefen in die werke wat God in sy Woord beveel het.

"Want in Christus Jesus het nòg die besnydenis nòg die onbesnedenheid enige krag, maar die geloof wat deur die liefde werk." Die klem is baie duidelik op die verbintenis tussen geloof, liefde en werke. Geloof kyk verby die menslike toestand (besny of nie besny) en streef in liefde na werke wat pas by hierdie geloof.

Net omdat die mens hierdie nuwe fontein het wat sy optrede bemagtig, beteken dit nie dat dit noodwendig so sal wees nie. Ons bly steeds (begenadigde) sondears wat daardie handnekkige sondevlek moet bestry. Ons kan nie dink dat vergifnis 'n noodwendigheid in ons begin het wat onstuitbaar ons lewens gaan stoomroller nie. Geloof beweeg ons deur liefde om die goeie dade in te oefen, daardie dade wat God in Sy Woord beveel. Gelowiges moet daarop let dat goeie dade nie op gevoel of menslike inisiatief gebou kan word nie. Ons blink gedagtes is male sonder tal juis reglynig in opposisie met dit wat God van ons verwag. Ons word telkens daartoe gerig om ons definisie van goeie werke in die Skrif te soek.

Hierdie werke is, as hulle uit die goeie wortel van die geloof voortspruit, goed en vir God welgevallig omdat hulle almal deur sy genade geheilig is.

Ons as mense is meestal resultaat-gedrewe; ons kyk na die uitkoms van 'n daad of projek, en dan lewer ons

uitspraak op grond van die eindproduk. Enige daad gedoen vanuit 'n positiewe motivering, word ook gemeet aan die resultaat, met as troosprys by mislukking dat die intensies darem suiwer was. Ons ontwortel die aksies met ander woorde van die gronde vir die optredes of werke - so al asof dit wat ons doen geen verbaqd hou met die rede vir die optredes nie. So is dit selfs moontlik dat iemand se kwade bedoelings tot goeie resultate kan lei, en dan as goeie dade takseer word. Wat ons benadering ook al mag wees, ons leer 'n ander beskouing ken uit die klem wat die NGB plaas. Dit is eintlik 'n dubbele voorwaarde wat gestel word om iets as goed en vir God welgevallig te beskryf. Die eerste is dat ons werke moet spruit uit die wortel van geloof. Enige optrede wat spruit uit eie (vermeende) goeie intensies is uitgesluit. Dit is daardie dade wat uit die fontein van geloof spruit, wat as goeie werke verstaan kan word. Die tweede voorwaarde daartoe om 'n werk as goed te verstaan, is wanneer God dit deur Sy genade heilig. Met ander woorde dit is God se genade wat op slot van sake 'n handeling as goed laat klassifiseer. Selfs die laaste skans van selfregverdiging word deur hierdie verstaan verwyder. Dit is geloof (deur God geskenk) wat ons uit liefde (die gevolg van geloof) sekere goeie werke laat doen, wat deur God in Sy groot genade geheilig word.

Tog geld hierdie werke nie vir ons regverdiging nie, want ons is deur die geloof in Christus geregverdig nog voordat ons goeie werke doen.

Selfs die goeie werke wat ons nou doen, is verwyderd van verdienste. Ons kan niks doen vir ons eie regverdiging nie, intendeel, ons hoef niks te doen vir ons

regverdiging nie. Ons regverdiging is reeds deur God gewaarborg. Ons kan tog nie werke doen om iets te bewerkstellig wat ons reeds het nie? Tog doen ons goeie werke omdat ons geregverdig is, omdat ons glo.

Hulle sou anders mos nie goed kon wees nie, net so min as die vrug van 'n boom goed kan wees voordat die boom self goed is. Ons doen dus goeie werke, maar nie om iets te verdien nie - wat sou ons tog kon verdien?

Aan die vrugte sal jy die boom ken. Ons was almal sondears, slegte bome wat net slegte vrugte kan lewer. Nou het ons in Christus geloof ontvang, ons bekering is ons wedergeboorte. Ons is nou bome wat goeie vrugte kan lewer. Nie omdat ons nou skielik verdienstelik is of kan lewe nie, maar omdat ons lewe uit die verdienste van Jesus Christus.

Ons goeie werke is met ander woorde die logiese gevolg van God se genade en het met verdienste geen band nie. Goeie daade word nou 'n moontlikheid, omdat hulle verwyder is uit die sfeer van verdienste en nou gemotiveer word deur genade.

Veeleer is ons die goeie werke wat ons doen, aan God verskuldig, terwyl Hy aan ons niks verskuldig is nie, aangesien dit Hy is wat in ons werk.

Goeie werke is eintlik meer as moontlik. Ons is dit aan God verskuldig. Ons is dit aan God verskuldig om goed te doen omdat Hy daardie moontlikheid in ons bewerkstellig het. Wat ons ontvang, is onverdiende genade. Romeine 11:35-36 "*Of wie het eers iets aan Hom gegee, dat dit hom vergeld moet word? Want uit*

Hom en deur Hom en tot Hom is alle dinge. Syne is die heerlijkheid tot in ewigheid. Amen."

Hy maak ons gewillig en bekwaam om sy heilige plan uit te voer (Filippense. 2:13). Laat ons daarom let op wat geskrywe staan: `...wanneer julle alles gedoen het wat julle beveel is, sê dan: Ons is onverdienstelike diensknegte, want ons het gedoen wat ons verplig was om te doen'

Lukas 17:10 "*Want dit is God wat in julle werk om te wil sowel as om te werk na sy welbehae.*" Dit is God wat in ons werk, ons motiveer, ons denke en ons hande lei. God doen dit deur Sy Woord. Wanneer ons doen wat God wil, het ons geen rede tot trots of gronde vir eise nie. Ons doen en late is in dankbare gehoorsaamheid toegevoeg. Ons goeie werke is met ander woorde daade van dankbare toewyding wat ontdaan is van selfvoldane skouerklouery.

Tog wil ons nie ontken dat God die goeie werke beloon nie, maar dit is deur sy genade dat Hy sy gawe bekroon.

Al kan ons op geen manier 'n kousale band aandui tussen goeie werke en God se beloning nie, sou dit dwaas wees om te ontken dat God tog ook goeie werke beloon. Ons weet nie hoe dit kan gebeur nie, ons kan dit net bely en soms in dankbaarheid ervaar. Hierdie beloning is eintlik genade op genade. Dit is deur genade dat ons die geloof ontvang, daardie geloof wat ons lei tot die goeie werke waartoe ons bestem is. Die geloof dryf ons tot goeie werke wat dan deur God geheilig word. Sy goedheid lei verder daartoe dat goeie werke soms in verdere

genade gekroon word in soverre dit beloon word. God se beloning van goeie werke is nie beloning na verdienste nie, dit is genade op genade.

Verder, al doen ons ook goeie werke, maak ons dit glad nie die grond van ons saligheid nie, want ons kan geen werk doen wat nie deur ons sondige natuur besmet en ook strafwaardig is nie.

Dit moet by herhaling gestel word dat goeie werke nooit die gronde van ons saligheid kan wees nie, ons goeie werke is gegrond op ons saligheid. Dit is 'n bitter moeilike saak vir mense om te hoor en aanvaar; naamlik dat selfs ons beste goeie daad met sonde besmet is. Enige goeie daad gegrond op ons menslike bestaan, word per definisie besmet deur die sonde en is daarom nie aan te beveel nie. Selfs die beste menslike goeie daad is nie net ontdaan van beloningswaarde nie, dit is eintlik strafwaardig. Met hierdie radikale stelling wil die NGB dit beklemtoon dat goeie werke nooit aan die mens in sy sondige bestaan toegeskryf kan word nie.

En al kon ons ook één goeie werk lewer, is die herinnering aan net een sonde vir God genoeg om dit te verwerp.

Die oomblik wat ons vertrekpunt is dat ons tog uit eie krag goeie werke kan doen, beweeg ons terug na 'n sisteem waar die weegskaal geld. Dan word goeie werke teen sonde afgeweeg. In 'n een tot een aftel word dit dan baie duidelik dat die

sondes by verre meer is as die goeie werke. Om met ander woorde te wil terug beweeg na verdienste, is dwaas; ons verdienste sal altyd negeer word - en minder wees as ons sonde, juis omdat ons sondig is.

Op hierdie manier sou ons altyd in twyfel verkeer, heen en weer geslinger sonder enige sekerheid,

Die resultaat van steun op eie verdienste is veelvuldige twyfel, onsekerheid en angs. Indien ons op goeie werke wil steun, raak ons so besig met 'n boekhou proses wat ons nooit kan byhou nie. Ons kan dit ook nie altyd na behore rekonsilieer nie, gewoon omdat ons weet dat ons soms onwetend goeie dinge doen en onwetend sonde doen. Dit beteken dat ons in konstante onsekerheid verkeer oor ons status voor God. Die mens wat dink dat hy op verdienste voor God mag staan, wankel by die gedagte van 'n balansstaat wat nooit afgesluit kan word nie.

en ons arme gewete sou altyd gekwel word as dit nie op die verdienste van die lyding en sterwe van ons Verlosser steun nie.

Indien ons nie steun op God se liefdevolle geskenk van genade nie, sal ons elke dag deur ons gewetens aangekla word. "Wanneer is genoeg (boetedoening of goeie dade), genoeg? Daar is net een opsie - steun op, maak staat op God se omvattende genade en vergeet van enige verdienste. Dan doen ons goeie werke uit dankbaarheid en weeg geen goeie werk af teen ons sondes of lewens nie.